**<u>Sondag 29 Januarie 2023</u>**

**<u>Wat is nommer 1 in ons lewe?</u>**

Die lewe kategoriseer ons mos maar so in 1-2-3. Jy is eerste of jy is laaste. Ons vra vir iemand het jy gewen, voordat ons vir iemand vra, het jy dit geniet. Wat ek wel weet vir baie van ons tieners die week belangrik was, is atletiek dag.

Ek weet dit was vir baie van julle atletiek Dag by die skool. En ek het my gunsteling atletiek dag video vir julle saamgebring.

- Wys Video: Kind wat in aflos omdraai en in die ander (verkeerde) rigting hardloop… (01:00)

Ons het laasweek in Matteus 4 gelees van Jesus se woorde: Bekeer julle want die koninkryk van God het naby gekom. Die woord bekering is vir my in sy eenvoudigste terme om "om te draai" om "van koers te verander". "Om iets nuuts op 'n nuwe manier aan te pak" of om te verander. 'n lewe waar ek in hierdie rigting hardloop, al hardloop julle almal in daardie rigting. Om soos hierdie kindjie te sê ek hardloop nie meer soontoe nie, nee ek hardloop nou in die ander rigting. Ek maak nou iets anders nommer 1 in my lewe.

- *The Main Thing is to keep the Main thing the Main thing*- Stephen Covey- 7 habits of Highly effective people....

Ons het hierdie jaar afgeskop met baie hoop en baie drome. En sekerlik vir onsself gesê, hierdie jaar gaan en op hierdie ding fokus. Hierdie jaar maak ek meer tyd vir my familie. Hierdie jaar maak ek meer tyd vir God. This year I will focus more on kindness. Hierdie jaar maak ek meer tyd vir my liggaam. Hierdie jaar kom ek uit die skuld uit. Hierdie jaar maak ek meer tyd vir my harts mense. En nou? 29 Dae later?

Ons "Main thing" in hierdie gemeente, ons hoofdoel, ons missie, is om God se fontein van liefde te wees. Ons wil jou help, om daar waar jy leef 'n verskil te maak. En ons doen dit, op klomp verskeie maniere. Ons is nie besig met goed wat jou besige lewe nog besiger maak nie, nee inteendeel, ons wil jou help om by die belangrike dinge in jou lewe uit te kom.

(Kinder oomblik- beklemtoon die waarde van die "hoof ding" wat afwesig is)

Ons lees vanoggend een van die bekendste gedeeltes in die Bybel. 'n Gedeelte so bekend dat daar al menigte reekse daaroor gedoen was en boeke daaroor geskryf was. Jesus wat teen die berg opgaan soos Moses. Jesus kom gee die nuwe wet. Ons lees die notule van Jesus se lering in Matteus 5-7.

Lees teks: Matteus 5:1-12

(Stilte)

Aan die einde van die Bergrede Matteus 7:28- Nadat Hy klaar gepraat het was die skare verbaas oor sy onderrig, want Hy het hulle geleer soos 'n man met gesag en nie soos hulle skrifgeleerdes nie. Soos ek gesê het, is die bergrede van die mees gelese gedeeltes in die Bybel. Ek weet my Kollega gaan in die senior bediening hierdie jaar in diepte hierop fokus. Die bergrede hou jou vasgevang. Dit is prakties, relevant. Aktueel. Mense het dit baie dinge genoem en opgesom.

- 'n Samevatting van die Christelike geloof
- Resep vir oorvloedige lewe
- Trappe na volmaaktheid
- Weg na die bergspits van die lewe

- Mentaliteit van die minderheid
- Dit bly krap aan jou in elke lewens omstandigheid

Die bergrede is egter glad nie so eenvoudig nie. Dit is in ‘n historiese konteks geskryf en ons moet mooi gaan dink hoe om dit toepaslik te maak in 2023. Ons moet dit in ons konteks her verwoord en her toepas. Want die bergrede daag ons uit tot ‘n nuwe vreemde manier van lewe. Dit daag ons amper uit om soos daardie dogtertjie op atletiek dag, in die verkeerde rigting van die samelewing te hardloop. Teen die stoop. En van die begintyd af was dit vir mense moeilik om die Bergrede in hul lewe toe te pa. Dalk help dit ons om te kyk hoe die bergrede in die verlede geïnterpreteer is:

- GROEP 1: Die entoesiasme/ Antibaptiste. Baie entoesiasties om Jesus se leer letterlik toe te pas, teen die kultuur van hulle eie dag. As jy die bergrede wil lewe, moet jy jouself wegvat uit die samelewing en iewers in die buitewyke gaan leef. Jy mag nie deelneem aan die lewe nie. Eenkant en weg aan alles. Ek het respek vir hierdie mense se toewyding en dit is sekere die hoogste ideaal, maar dit is nie ‘n heeltemal moontlike ideaal nie. Want wat beteken jy nou werklik vir iemand as jy daar vêr verwyderd op jou eie eiland leef.

- GROEP 2: Die Rooms-Katolieke kerk/ Die Katolieke. Jy kom al meer al nader na God. Al meer uit jou eie verdienste, al minder deur God se genade. Jy is gedurig besig om op jou tande te kners om bo-uit te kom. Priesters kon volgens sommige daar uitkom, maar mense nie. Die katolieke het van die bergrede ‘n stelsel gemaak, waarvolgens jy eintlik bepunt en gevalueer kon word.

- GROEP 3: Die reformasie: Johannes Calvyn. Hulle wou die kerk en samelewing bymekaarbring. Deur te versorg dat die kerk en lewe bymekaarkom. Ek is ‘n soldaat wat gaan oorlog voer met ‘n Christelike hart. Ek is ’n regter wat vanuit my Christelike hart besluite maak. Ek is ’n bakker wat met ‘n Christelike hart bak. Die vraag is steeds, hoe doen ’n mens dit.

- Groep 4: Verligting: Schleiermacher. Mens moet die bergrede lees, nie om dit letterlik (prakties) prakties toe te pas te doen nie, maar jy moet fokus op die onderliggende gesindheid. Wonderlike morele etiese riglyne. Van hoe ek my denke moet verander om my lewe te verander. Soos Romeine 12:2. Jesus wil hulle manier van dink oor die lewe verander.

En so het verskillende generasies en verskillende bevolkingsgroepe hul manier gevind om sin te maak met die bergrede in hul lewensomstandighede. Die bly egter steeds. Wat maak ons nou hier met die bergrede? Hoe gaan ons Jesus se wonderlike preek tot praktyk bring.

Ek glo, Jesus is met die saligsprekinge besig om met ons te kom praat oor ons wese. Ons being. Ons binnekamer. Ons enjinkamer van ons lewe. As jy dit die bergrede in 2023 wil uitleef, dan moet jy eers die regte mens wees. Jy moet eers in jou Gees gesond wees. Maar hoe lyk hierdie gesond wees. Jesus kom gee vir ons 8 eienskappe, 8 tekens van gesond wees.

Mens:

1. Afhanklikes (mens moet afhanklik leef- jy kan nie op jou eie klaarkom nie)

2. Treurendes (jy moet kan huil oor wat in die wêreld aan die gang is, Jesus het ook gehuil)
3. Sagmoediges (jy moet sagmoedig kan leef- saggeaard wees, vriendelikheid teenoor ander.)
4. Reg soekers (jy moet ‘n ingesteldheid hê dat jy die regte ding wil soek, die waarheid)
5. Reg doeners (en die regte ding wil doen)
6. Barmhartiges (jy moet ‘n hart hê wat warmhartig is, wat omgee)
7. Reines (wat ook ’n plek het vir ander- In Engels Pure of Hart- of in die grondtaal verwys dit na Single Mindedness, om op God gefokus te wees)
8. Vredemakers (vredemaker wees- die vrede in situasies vind- die vrede na situasies bring)

Jy moet eers die goed wees- voordat jy die bergrede kan aanvat om enigsins iets daarvan te leef. Jy moet eers hierdie 8 eienskappe hê, voordat jy kan gaan doen wat God vra.

- Die agt eienskappe skenk aan ’n gesonde mens, ‘n geseënde lewe.
- Gesondheid is altyd die newe- produk van gesonde “being”

Die geseëndheid is die gevolg van ‘n ingesteldheid...

En jy kan dalk nou dink, dat hierdie 8 dinge ek nie werklik deel is van my wese nie. Ek wil juis onafhanklik leef, ek wil net vir myself omgee en wil nie vrede maak of ’n rein lewe leef nie. Of dalk wil jy, maar dit is so moeilik- dan wil ek jou uitnooi om dan juis te fokus op wie dit gesê het.

Die saligsprekinge het net sin as mens voortdurend onthou dat dit Jesus is wat dit uitgespreek het. As jy hom nie lewensgroot agter die beloftes sien staan nie, dan is dit moeilik. Jy moet as te ware sien hoe Jesus dit toegepas het. Dus nooit die saligsprekinge jou uit na ’n lees van die res van die Bybel. Om te gaan kyk hoe het Jesus geleef uit afhanlikheid vanuit sy Vader. Hoe het Jeuss met ’n rein hart geleef. Hoe het hy heeltyd die regte ding gesoek, die regte ding gedoen, of die vrede gebring na situasies. Die saligsprekinge is die brug waaroor jy moet kom ons soos Jesus te wees.

Saligsprekinge: Ek wil wees soos Jesus-

Bergrede: Ek wil leef soos Jesus

Om te gaan lees, en leer hoe Jesus dit beliggaam het, kan vir my en vir jou help om dit deel te maak van ons wese. Dit is nie 8 verskillende maniere waarop mens God kan tevrede stel of Christen kan wees nie, dit is 8 verskillende kante van een en dieselfde mens.

Die saligsprekinge gaan nie oor wat ons van tyf tot tyd moet doen nie, dit gaan eerder oor wie ons moet wees. Ons lewens moet lyk soos die prentjie wat die saligsprekinge vir ons geteken het. Hierdie nuwe lewensmoontlikheid wat deur Christus aangewys word in ’n ou stukkende wêreld. Hierdie weg lei na ’n unieke geluk en seen.

’n Nuwe manier van wees en leef wat genesing en seën bring vir ‘n ou en stukkende wêreld. En ons hoef nie vanoggend te lank te gesels oor ons stukkende wêreld nie.

Kom ek vat saam:

Die belangrikste ding in my en jou lewe, gebeur aan die binnekant (Soos die kinder oomblik ons mee gehelp het). Die belangrikste ding is nie hoe jy lyk nie. Dit is nie wat jy doen nie. Dit is nie hoeveel geld jy het nie, ook nie wat ander mense van jou dink nie. Nee die belangrikste ding is aan die binnekant.

Ek dink baie keer ons kyk so na die wêreld (kyk van onder af na die Podium)- terwyl God eintlik net so na ons kyk. Geen status- geen vergelyking- Net liefde/ Omgee/ Voorsiening. Net ‘n ontmoeting daar waar ons nou is- en daar waar ons hom innooi…

Dalk moet ons elkeen net in ons geloof reis leer dat die wêreld ons altyd in 1-2-3 gaan klassifiseer. En dat ons volgens die wêreld se standaarde nie altyd 1e gaan wees nie. Ons kom dan op ‘n punt, ‘n ontmoetingspunt, waar ons besef dat dit glad nie is wie God was, wie God is, of wie God vir ons wil wees nie. Ons kan besef dat ons pyn het omdat God eerste pyn gehad het, ons het lief, omdat God ons eerste liefgehad het.

Ek en jy moet self in ons lewe besluit wie of wat ons Nommer 1 is.

Mag die Saligsprekinge, Mag die bergrede, jou help ons te besluit wat die nommer een in jou lewe is. Ek mag jy altyd kies om die “Main Thing, die Main thing te laat bly”